"Julle sal Krag ontvang"

Inleiding

Die rede hoekom sommige skrifgedeeltes verkeerd verstaan word is omdat hulle dikwels beklemtoon word sonder dat ander skrifgedeeltes wat oor dieselfde onderwerp handel, geraadpleeg word. Skrif word dus nie toegelaat om Skrif te verduidelik nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die eensydige manier wat baie mense die krag wat in **Handelinge 1:8** van gepraat word, interpreteer.

Handelinge 1:8

> *"Maar julle sal **krag** ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees..."* (My beklemtoning)

Gewoonlik word die krag waarna in hierdie skrifgedeelte verwys word, verduidelik deur van die beeld van dinamiet gebruik te maak. Dit word gedoen omdat die woord "dinamiet" afgelei is van *dunamis*, die woord wat in die Griekse teks gebruik word. Na aanleiding van die plofkrag van dinamiet, word die krag van die Heilige Gees dan gewoonlik met dramatiese wonderwerke en fisiese manifestasies geassosieer.
'n Basiese fout wat met hierdie tipe verduideliking gemaak word, is die feit dat daar nie rekening gehou word met feit dat die woord "dinamiet" van die Griekse woord afgelei word en nie andersom nie – die betekenis van die Nuwe Testamentiese woord *dunamis* word nie bepaal deur die moderne betekenis van dinamiet nie, want die woord het reeds twee duisend jaar gelede, toe die boek Handelinge geskryf is, reeds bestaan en betekenis gehad. Dinamiet is eers baie later in 1866, deur Alfred Noble uitgevind.
Om dus 'n beter begrip te kry van die krag waarvan in **Handelinge 1:8** gepraat word, moet daar nie na die betekenis van moderne dinamiet gekyk word nie, maar na die oorspronklike betekenis wat die woord *dunamis* gehad het ten tyde van die skrywe van die Nuwe Testament.
Volgens Griekse woordeboeke kan die woord twee betekenisse hê: om die vermoë te hê om wonderbaarlike dinge te doen en dit kan ook beteken om innerlike krag te besit om iets te "wees":

Dunamis*: *"...power, especially inherent power...intrinsic power, either physical or moral..."
1411 – *The Complete Word Study Dictionary – New Testament*, Spiros Zodhiates

Die vraag moet nou gevra word; watter een van hierdie twee betekenisse moet in die konteks van **Handelinge 1:8** beklemtoon word?

Bestaan daar skriftuurlike redes hoekom die populêre manier wat verduidelik dat die krag waarna in **Handelinge 1:8** verwys word, beteken om die vermoë te hê om wonderwerke te doen, bevraagteken moet word? Ek glo so.

Oorweeg die volgende feite.

Lank voor die vervulling van die belofte in **Handelinge 2** om "krag" te ontvang, het Jesus al Sy dissipels uitgestuur en hulle krag gegee om siekes te genees en demone uit te jaag (**Matt. 10:8**, **Luk. 10**). As hulle reeds voor die uitstorting van die Heilige Gees krag gehad het om wonderwerke te doen, waarvoor moes hulle vir nóg krag in Jerusalem gaan wag? Tog, volgens Jesus, het hulle nog "krag" kortgekom om **effektiewe getuienisse** vir Hom te wees. Wonderwerke het nie eers met die uitstorting van die Heilige Gees begin nie; dit was volop in die Ou Testament; dink byvoorbeeld maar aan Bileam se donkie wat gepraat het (**Num. 22:28**) en aan Simson wat krag ontvang het om honderde Filistyne dood te slaan (**Rig. 14:19**). Hierdie krag wat hy gehad het, het hom egter nie veel gehelp om die versoeking van 'n prostituut te weerstaan nie (**Rig. 16**). Dieselfde kan van Dawid gesê word; die krag wat hy gehad het om Goliat dood te maak, het hom nie gehelp toe dit by owerspel en moord kom nie (**2 Samuel 11**).

Die feit dat iemand vandag nog wonderwerke deur die krag van die Heilige Gees kan doen, word nie bevraagteken nie, maar die feit dat iemand wonderwerke kan doen sê niks aangaande die persoon se karakter nie. Die werking van die Gawes van die Gees is maar net bewys van die genade van God en dit is ook hoekom hulle genadegawes genoem word. Daar is 'n verskil om deur God as instrument gebruik te word en om 'n dissipel van Jesus Christus te wees. Dissipelskap impliseer morele vereistes.

Wat is die "krag" wat nodig is om 'n getuie van Jesus te wees?

> *"…maar julle sal **krag** (**dunamis**) ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde"* (**Hand. 1:8**).

Ten spyte van die feit dat die Gawes van die Heilige Gees in die gemeente gewerk het, moes Paulus aan die Korinthiërs skryf om hulle aan te spreek oor immoraliteit en om hulle verkeerde idee van geestelike krag reg te stel (**1 Kor. 4, 5**):

> *"…as die Here wil…sal ek te wete kom, nie die woorde van die wat opgeblase is nie, maar **hulle krag** (dunamis); **want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in krag**"* (**1 Kor. 4:19-20**, my klem).

Die *Amplified Bible* se vertaling van hierdie skrifgedeelte is 'n goeie verduideliking van wat Paulus met "krag" bedoel:

> *"For the Kingdom of God consists of and is based on not talk, but power (dunamis) – **moral power and excellence of soul**"* (**1 Kor. 4:19-20**, my klem).

Met hierdie definisie in gedagte word die betekenis van ander skrifgedeeltes ook duideliker:

> **Fil. 4:12-13:** *"Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Christus wat my **krag** gee"* (My klem). (**power: *endunamo*** – *"*to strengthen, to make strong, vigorous*…" The Complete Word Study Dictionary).*

> **2 Kor. 12:9:** *"My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die **krag** (**dunamis**) **van Christus** in my kan woon."*

Wat vir geslagte verborge was, naamlik die krag van *"Christus leef in julle,"* is met die uitstorting van die Heilige Gees aan gelowiges geopenbaar (**Kol. 1:26-27**, NLV).

Slotsom

Eerder as om hierdie krag met dinamiet te vergelyk sou dit meer beskrywend wees om dit met 'n dinamo te vergelyk. Die "Dinamo" van die Heilige Gees is daar om gelowiges innerlik te versterk om in moeilike tye die krag te hê om staande te bly. Die krag van die Heilige Gees is ook nou beskikbaar om gelowiges te help om die dinge wat so dikwels die getuienis van Christene belemmer, te oorwin.

'n Eensydige beklemtoning van wonderwerke as teken van die werking van die krag van die Heilige Gees, kan daartoe bydra dat die aandag afgetrek word van die noodsaaklikheid van die Vrug van die Heilige Gees wat so nodig is om 'n effektiewe getuienis vir Jesus te wees.

Talle begaafde manne en vroue het al tot 'n val gekom omdat hulle, in plaas daarvan om die klem op innerlike integriteit krag te plaas, tekens en wonderwerke nagejaag het.
Omdat wonderwerke en uiterlike manifestasies nagemaak kan word, is hulle op hul eie geneem, geen bewys van die werking van die Heilige Gees nie. Innerlike krag, morele integriteit en 'n rein lewe, daarenteen, is iets wat nie vervals kan word nie en is iets wat afhanklik is van die innerlike werking van die Heilige Gees.

Dit is die krag van die Heilige Gees wat ons in hierdie moeilike tyd nodig het en waarvoor ons moet bid.

*"Mag God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het. Mag Hy elke goeie voorneme en geloofsdaad **met krag** tot volkome uitvoering bring"* (**2 Thess. 1:11**)

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
E-pos: nickmaartens@hotmail.com